

**Goodyear se Beleid teen Omkoper
8 Mei 2017**

Beleid teen Omkoperij

Inleiding

As deel van ons wêreldwye verbintenis tot eerlikheid, integriteit en respek wil Goodyear geen besigheidsvoordele verkry deur onbehoorlike betalings of deur enigiets waardevol aan te bied of te ontvang nie, selfs in lande waar sulke praktyke sosiaal en kultureel aanvaarbaar kan wees. Die Verenigde State (VSA) se Wet op Buitelandse Korrupte Praktyke ("Foreign Corrupt Practices Act [FCPA]"), die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling ("Organisation for Economic Cooperation and Development [OECD]") se Ooreenkoms rakende die Bestryding van Omkoperij van Buitelandse Staatsamptenare in Internasionale Saketransaksies, die Verenigde Koninkryk se Wet op Omkoperij en die Verenigde Nasies se Ooreenkoms teen Korruptsie, asook talle ander antikorrupsiewette regoor die wêreld, beklemtoon die wêreldwye besorgdheid oor omkoperij.

Goodyear se Beleid teen Omkoperij ("Beleid") is dat geen Goodyear-medewerker, direk of indirek, enige onbehoorlike betaling of enigiets waardevol aan of van enigiemand, waar ook al ter wêreld, sal aanbied, betaal, belowe om te betaal of die betaling daarvan sal magtig, ontvang of aanvaar ten einde besigheid te verkry of te behou, of om enige onbehoorlike voordeel te verkry nie. Ons sal enige besigheidsgeleentheid prysgee wat net benut kan word deur 'n onbehoorlike of onwettige betaling, omkoopgeld, geskenk, korting, gunsloon of soortgelyke aansporing.

Definisies

Die volgende definisies geld vir die toepassing van hierdie Beleid:

“Nie-Amerikaanse staatsamptenaar” beteken: (a) enige amptenaar, werknemer of agent van 'n nie-Amerikaanse staat (met inbegrip van lede van die weermagte en polisiemagte), nie-Amerikaanse staatshospitaal of 'n openbare internasionale organisasie (soos die Verenigde Nasies, Wêreldbank, EU-Kommissie, ensovoorts); (b) enige nie-Amerikaanse amptenaar van 'n politieke party of kandidaat vir 'n nie-Amerikaanse politieke amp; of (c) enige werknemer of agent van 'n nie-Amerikaanse onderneming in staatsbesit.

“Onderneming in staatsbesit” beteken: 'n maatskappy, vennootskap of ander regspersoon (a) waarvan 'n eienaarsbelang van 30% of meer, direk of indirek, gehou word deur 'n nie-Amerikaanse nasionale, provinsiale, streek- of plaaslike regering of staatsinstelling (of groep state of staatsinstellings), of (b) andersins deur 'n nie-Amerikaanse nasionale, provinsiale, streek- of plaaslike regering beheer word uit hoofde van die bevoegdheid om 'n meerderheid van die entiteit se direksie of soortgelyke instelling aan te stel, of die bevoegdheid om 'n entiteit se hoof- uitvoerende beampte, besturende direkteur of soortgelyke beampte aan te stel. As u enige vrae het oor of 'n sekere entiteit 'n onderneming in staatsbesit is ingevolge Goodyear se Beleid, kontak asseblief die Goodyear-prokureur vir u land/groep/streek/pos of Besigheidseenheid (BE) of die Nakoming- en Etiekdepartement.

"Onbehoorlike betalings" of **"enigiets waardevol"** kan enige van die onderstaande insluit, maar is nie daartoe beperk nie, wanneer dit bekend is (of vermoed word) dat enige deel van die betaling of enigiets waardevol aan 'n nie-Amerikaanse staatsamptenaar of enige ander persoon verskaf sal word ten einde besigheid te verkry of te behou, of om enige onbehoorlike voordeel vir Goodyear te verkry.

- Kontant of kontant-ekwivalente (soos geskenkkaarte of geskenkbewyse)
- Geskenke of ander tasbare goedere
- Kommissies
- Kortings en spesiale afslag
- Gunslone
- Konsultasie- of ander diensgelde
- Spesiale afslag
- Sekere vermaak
- Reiskoste
- Fasiliteringsbetalings
- Aanstellings of internskappe
- Liefdadigheidskenkings

"Derdeparty" beteken enige entiteit of individu wat nie Goodyear of 'n Goodyear-medewerker is nie.

"Gedekte Derdeparty" beteken 'n Derdeparty wat Goodyear se Teen-Omkopery Due Diligence Proses moet ondergaan. 'n Bygewerkte lys [Gedekte Derdepartye](#) is by GO beskikbaar.

"Agent" beteken 'n Derdeparty wat namens Goodyear optree, met uitdruklike (mondelinge of skriftelike) of inbegrepe magtiging om Goodyear in betrekkinge met ander partye te verteenwoordig. Onafhanklike verkoopsagente, kommissie-agente, verkoopskonsultante, verkoopsverteenwoordigers, verkoopsmakelaars, vindere, doean-agente, doeanemakelaars, vragversenders, klaringsagente en dies meer is dikwels agente.

"Verspreider" beteken 'n Derdeparty wat produkte of dienste (vir sy eie rekening) van Goodyear koop en aan kleinhandelaars, handelaars, ander verspreiders of ander nie-individuele kliënte herverkoop (byvoorbeeld kommersiële vlote, munisipale vervoerdienste, ensovoorts), ongeag of 'n formele verspreidingskapooreenkoms met Goodyear bestaan, en ongeag of die Derdeparty amptelik deur Goodyear as 'n verspreider aangestel is. Ten einde vas te stel of 'n Noulettendheidsondersoek teen Omkopery vir 'n spesifieke Derdeparty vereis word, sal 'n onderneming met groothandel- sowel as kleinhandelpersonele as 'n "verspreider" beskou word, tensy kleinhandel 90% of meer van sy besigheid is.

Verdere **Terme met Hoofletters** wat in hierdie Beleid en in die Bedryfshandleiding gebruik word, word in die woordelys van terme vir nakoming teen omkopery omskryf, wat as Aanhangsel A by hierdie Beleid aangeheg is.

Goodyear se Beleid

Daar word van al Goodyear se medewerkers verwag om vertrouwd te wees met, en te voldoen aan Goodyear se Beleid soos hierin vervat, asook aan alle toepaslike wette teen omkoperij, met inbegrip van maar nie beperk tot die FCPA en die Britse Wet op Omkoperij nie, en enige ander wette op omkoperij wat in die medewerker se plaaslike regsgebied van krag is. Vrae oor plaaslike en landspesifieke wette op omkoperij kan gerig word aan die Goodyear-prokureur vir u land/groep/streek/pos of besigheidseenheid, of aan die Nakoming- en Etiekdepartement.

Die **FCPA** maak dit 'n misdadig ingevolge Amerikaanse wetgewing om geld of enigiets waardevol vir enigiemand aan te bied, te betaal, te belowe om te betaal of betaling daarvan te magtig met die wete dat sulke geld in die geheel of gedeeltelik, direk of indirek, aan 'n nie-Amerikaanse staatsamptenaar aangebied, gegee of belowe sal word met die doel om besigheid te verkry of te behou, of om enige onbehoorlike voordeel te verkry. Die FCPA vereis ook dat maatskappye soos Goodyear, wat op Amerikaanse aandelebeurse verhandel word, voldoende interne beheermaatreëls oor finansiële verslagdoening moet handhaaf. So ook verbied die FCPA individue en maatskappye om willens en wetens die boeke en verslae van beursgenoteerde maatskappye soos Goodyear te vervals.

Die verbod van die FCPA geld vir Amerikaanse maatskappye en hul direkteure, beamptes, werknemers en agente; enigiemand wat 'n Amerikaanse burger, onderdaan of inwoner is; en in baie gevalle ook vir die buitelandse filiale van Amerikaanse maatskappye. Goodyear se Beleid is op al Goodyear se werksaamhede en deelgenote wêreldwyd van toepassing.

Die Britse Wet op Omkoperij bevat soortgelyke verbodsbepalings op die omkoop van nie-Amerikaanse staatsamptenare. Daarbenewens verbied die Britse Wet op Omkoperij die aanbieding, betaling en ontvangs van kommersiële omkoopgeskenke. Kommersiële omkoperij is 'n vorm van omkoperij wat nie noodwendig enige staatsamptenaar betrek nie. Soos die Britse Wet op Omkoperij verbied Goodyear se Beleid enige vorm van omkoperij, kommersiële omkoperij ingesluit.

Derdepartye

Betalings wat deur hierdie Beleid verbied word, is ewe onbehoorlik as dit deur of met behulp van 'n Derdepartye gedoen word, eerder as direk deur 'n medewerker. Gevolglik word Agente, Verspreiders en ander Derdepartye ook verbied om enige onbehoorlike betaling of enigiets waardevol aan te bied, te betaal, belowe om te betaal, of die betaling te magtig aan of van enigiemand, op enige plek ter wêreld, ten einde besigheid te verkry of te behou, of enige onbehoorlike voordeel vir Goodyear te verseker.

Daar word van Goodyear-medewerkers verwag om te verseker dat Derdepartye hierdie Beleid, die FCPA en plaaslike wette sal nakom wanneer hulle namens Goodyear optree. Wat die keuse en behoud van Derdepartye betref, moet medewerkers voldoen aan Goodyear se [Internasionale Bedryfshandleiding vir Nakoming teen Omkoperij](#) ("*Bedryfshandleiding*"). Dit word van alle Gedekte Derdepartye vereis dat hulle Goodyear se noulettendheidsondersoek teen omkoperij sal ondergaan voordat hulle met Goodyear sake kan doen. Hierdie proses word volledig in die Bedryfshandleiding beskryf.

Fasiliteringsbetalings

“Fasiliteringsbetalings” is klein betalings wat aan laevlak-, nie-Amerikaanse staatsamptenare gemaak word ten einde die verrigting van sekere roetine-, nie-diskresionêre staatsoptredes te verseker waarop 'n maatskappy reeds ingevolge plaaslike wetgewing geregtig is (soos die behoorlike verwerking van staatsdokumente soos visums, oplaai/aflaai van vrag, verskaffing van polisiebeskerming en afhaal of aflewering van pos).

Selfs al bevat die FCPA 'n smal vrystelling vir "fasiliterings- of bespoedigingsbetalings", word Fasiliteringsbetalings nie deur die Britse Wet op Omkoperij en die plaaslike wetgewing van talle lande toegelaat nie. **Fasiliteringsbetalings word absoluut verbied volgens Goodyear se Beleid.**

Afpersing of Dwang

Betalings wat as gevolg van naderende en werklike dreigemente van geweld of skade teenoor medewerkers gemaak word, oortree nie die FCPA of die Britse Wet op Omkoperij nie. Op sigself verbied Goodyear se Beleid nie betalings as gevolg van die wesentliche dreigement van geweld of skade nie, as die betaling noodsaaklik is om die gesondheid, vryheid of veiligheid van die medewerker of verteenwoordiger te beskerm. As so 'n situasie sou ontstaan:

- (i) mag die betaling nie VSA\$100.00 oorskry nie;
- (ii) moet die hoofregsadviseur van The Goodyear Tire & Rubber Company binne 48 uur skriftelik van die betaling in kennis gestel word; en
- (iii) moet die betaling behoorlik in Goodyear se boeke en verslae aangeteken word.

Politiese Bydraes

Volgens die FCPA mag geen geld of enigiets waardevol aan 'n nie-Amerikaanse politieke party of party-amptenaar, of enige kandidaat vir 'n nie-Amerikaanse politieke amp, gegee word ten einde besigheid te verkry of te behou, of om enige onbehoorlike voordeel te verkry nie. Daarbenewens beperk ander wette bydraes aan kandidate vir Amerikaanse federale ampte, 'n politieke party of politieke komitee. 'n "Bydrae" kan onder andere verskaffing van die werkstyd van medewerkers insluit, of toelating van die gebruik van enige maatskappy-fasiliteit of -hulpbronne.

Goodyear-beleid vereis die spesifieke goedkeuring van die hoofregsadviseur voordat enige bydrae uit maatskappygeld gemaak kan word aan enige Amerikaanse of nie-Amerikaanse politieke party, party-amptenaar of politieke komitee, of aan 'n kandidaat vir enige Amerikaanse of nie-Amerikaanse nasionale, provinsiale, plaaslike of ander staatsamp. Voorafgaande goedkeuring van die hoofregsadviseur word ook vereis vir bydraes om enige stemmingskwessie in die Verenigde State te ondersteun.

Liefdadigheidsdonasies

Daar word van medewerkers en Derdepartye verwag om te verseker dat liefdadigheidsdonasies wat namens die Maatskappy gemaak word, slegs aan erkende liefdadigheidsorganisasies gegee word, en dat dit vir liefdadigheidsdoeleindes gebruik word en nie andersins wanbestee word nie. Indien liefdadigheidsdonasies voorsien word, moet dit aan al die volgende maatstawwe voldoen:

- Die liefdadigheidsdonasie mag nie teenstrydig met óf toepaslike regeringsbeleid óf enige toepaslike plaaslike wet of regulasie wees nie;
- Die liefdadigheidsdonasie mag nie direk of indirek 'n omkoopprys of omkoopgeld wees of geskenk word om besigheid te verkry of te behou of enige onbehoorlike voordeel te verkry nie; en
- Die liefdadigheidsdonasie moet spoedig, volledig en akkuraat in die Maatskappy se finansiële boeke en verslae aangeteken word, deur die toepaslike Algemenegrootboekkode vir "Liefdadigheidsdonasies" te gebruik. Verwys na die [Global Chart of Accounts](#) en die [Worldwide Accounting Policy "Accounting for Charitable Contributions"](#) op GO.

Enige liefdadigheidsdonasie wat deur 'n nie-Amerikaanse staatsamptenaar voorgestel of vereis word, moet vooruit en skriftelik deur 'n medehoofregsadviseur goedgekeur word. Die goedkeuringsdokumentasie moet as deel van die verslag vir dié liefdadigheidsdonasie behou word.

Hierdie vereistes geld benewens die Maatskappy- en Besigheidseenheidbeleide insake die goedkeuring, verantwoording en aantekening van liefdadigheidsdonasies.

Verkrygings en Gesamentlike Ondernemings

Transaksies wat verkrygings of gesamentlike ondernemings behels, vereis spesifieke noulettendheids- en agtergrondondersoeke wat op sulke transaksies toepaslik is. Sulke ondersoeke, wat in Goodyear se Teen-Omkopery Due Diligence Proses vir Verkrygings of Gesamentlike Ondernemings uiteengesit word, moet van die hoofregsadviseur of enige medehoofregsadviseur verkry word. Noulettendheids- en agtergrondondersoeke vir verkrygings en gesamentlike ondernemings sal aansienlike inspanning en tyd nodig hê om afgehandel te word, daarom is vroeë betrokkenheid van die Regsafdeling van kritieke belang.

Geskenke, reise, maaltye en vermaak aan nie-Amerikaanse staatsamptenare

Geskenke

Goodyear se Beleid verbied nie die gee van 'n geskenk van nominale waarde (en verkieslik met 'n maatskappy-embleem) aan nie-Amerikaanse staatsamptenare nie, en daar kan geleentheid wees wanneer dit gepas is om te gee, mits daar aan al die volgende maatstawwe voldoen word:

- Die waarde van die geskenk mag nie VSA\$100,00 oorskry sonder die voorafgaande goedkeuring van 'n medehoofregsadviseur van Goodyear nie;

- Die geskenk mag nie kontant of gelykstaande aan kontant, soos geskenkkaarte of geskenkbewyse, wees nie;
- Die geskenk mag nie strydig met óf toepaslike regeringsbeleid óf enige toepaslike plaaslike wet of regulasie wees nie;
- Die geskenk moet gebruiklik wees in die omstandighede en mag nie Goodyear of die ontvanger in die verleentheid bring nie;
- Die geskenk moet in verband met 'n erkende vakansiedag waarop geskenke gegee word of by 'n ander spesiale geleentheid of vir promosiedoeleindes voorsien word;
- Die geskenk mag nie 'n omkoopprys of omkoopgeld wees nie en mag nie gegee word om enige onbehoorlike voordeel te verkry nie;
- Die geskenk moet spoedig, volledig en akkuraat in die Maatskappy se finansiële boeke en verslae aangeteken word, deur die toepaslike [algemenegrootboekkode](#) vir "Geskenke" te gebruik; en
- Die geskenk moet in 'n toepaslike uitgaweverslag gerapporteer word en terugbetaalbaar deur Goodyear wees.

Geskenke of donasies van bande

Daar is geleentheid wanneer 'n geskenk van bande aan 'n nie-Amerikaanse staatsagentskap promosiewaarde kan heg of om ander redes gepas kan wees. Dit kan ook gepas wees om 'n geskenk van bande (of 'n spesiale afslag op bande) aan 'n nie-Amerikaanse staatsagentskap te gee om op 'n amptelike voertuig of vir demonstrasie- of toetsdoeleindes gebruik te word. Alle sodanige geskenke of donasies van bande moet deur 'n beampte van Goodyear en 'n medehoofregsadviseur goedgekeur word.

Bande (en spesiale kortings op bande) mag nie aan nie-Amerikaanse staatsamptenare gegee word vir gebruik op hul persoonlike voertuie of die voertuie van hul familieledere nie.

Reise en besoeke deur afvaardigings

Goodyear se Beleid verbied nie verskaffing van reise nie, en daar kan geleentheid wees wanneer dit gepas is of volgens wet vereis word om reise te verskaf aan 'n nie-Amerikaanse staatsamptenaar, mits dit te goeder trou gegee word en nie met enige korrupte bedoeling of verwagting van 'n guns nie. 'n *Kontrolelys vir reise deur nie-Amerikaanse staatsamptenare*-vorm moet ingevul en vir goedkeuring aangestuur word. Die vorm is by hierdie Beleid as Aanhangel B aangeheg en moet deur die Goodyear Contract Solution ("GCS") aangestuur word.

Reise wat aan nie-Amerikaanse staatsamptenare verskaf word, moet aan al die volgende maatstawwe voldoen:

- Die reis moet vooraf en skriftelik op die *Kontrolelys vir reise deur nie-Amerikaanse staatsamptenare* -vorm deur die BE-president of 'n gekose maatskappybeampte en die hoofregsadviseur of 'n medehoofregsadviseur goedgekeur word;
- Die reis wat verskaf word, moet direk met bona fide- en wettige sake verband hou (soos die inspeksie van vervaardiging- en gehaltebeheerprosesse by 'n Goodyear-fabriek in een land ingevolge Goodyear se pogings om bande vir uitvoer na 'n ander land geskik te kry);
- Die waarde van die reis moet redelik wees (wat die uitgawe, die aantal reisigers en gereeldheid betref);

- Die Maatskappy moet nie vir toeriste- en vermaakuitstappies betaal nie;
- Die Maatskappy moet nie vir uitgawes ten opsigte van familieledede van amptenare betaal nie;
- Kontant (soos vergoeding per dag) mag nie gegee word nie;
- Die lede van die afvaardiging moet deur die staatsentiteit (nie die Maatskappy nie) gekies word;
- Voorafgaande skriftelike kennisgewing van die reis moet gegee word aan die staatsentiteit in wie se diens die ontvanger is;
- Die waarde en doel van die reis moet spoedig, volledig en akkuraat in die Maatskappy se finansiële boeke en verslae aangeteken word, met 'n aantekening dat die ontvanger van die reis 'n nie-Amerikaanse staatsamptenaar is; en
- Die reis wat voorsien is, moet in 'n toepaslike uitgaweverslag aangeteken word en is terugbetaalbaar deur Goodyear.

Maaltye en vermaak

Goodyear se Beleid teen Omkoperij verbied nie die verskaffing van maaltye en vermaak nie, en daar kan geleenthede wees wanneer dit gepas is om maaltye of vermaak aan nie-Amerikaanse staatsamptenare te verskaf, mits sulke maaltye en/of vermaak te goeder trou verskaf word en nie met enige korrupte bedoeling of verwagting van 'n guns nie. As maaltye en vermaak aan nie-Amerikaanse staatsamptenare verskaf word, moet dit aan al die volgende maatstawwe voldoen:

- Die maaltyd of vermaak wat verskaf word, moet direk met bona fide- en wettige sake verband hou en, indien vermaak verskaf word, moet die plek geskik wees vir die bespreking van besigheid;
- Die waarde van die maaltyd of vermaak moet redelik wees (wat die uitgawe, die aantal reisigers en gereeldheid betref);
- Die maaltyd of vermaak moet nie strydig met óf toepaslike regeringsbeleid óf enige toepaslike plaaslike wet of regulasie wees nie;
- Die maaltyd of vermaak is gebruiklik in die omstandighede en mag nie óf Goodyear óf die ontvanger in die verleentheid bring nie;
- Die maaltyd of vermaak mag nie 'n omkoopprys of omkoopgeld wees nie, en mag nie verskaf word om enige onbehoorlike voordeel te verkry nie;
- Maatskappypersoneel moet teenwoordig wees;
- Die maaltyd of vermaak moet spoedig, volledig en akkuraat in die Maatskappy se finansiële boeke en verslae aangeteken word; en
- Maaltye en vermaak wat verskaf is, moet in 'n toepaslike uitgaweverslag gerapporteer word en is terugbetaalbaar deur Goodyear.

Geskenke, reise, maaltye en vermaak aan Amerikaanse staatsamptenare

Geskenke aan staatsamptenare in die Verenigde State

Amerikaanse federale, staat- en plaaslike-regeringsamptenare is aan spesiale wette en regulasies onderworpe, wat hul ontvangs van geskenke en gratifikasies beperk van organisasies met wie hulle sake doen. Medewerkers moet bewus wees van en voldoen aan alle federale, staat- en plaaslike wette en regulasies aangaande geskenke en gratifikasies. Enige maaltye, reise, verblyf of vermaak vir Amerikaanse staatsamptenare moet vooruit en skriftelik deur die Regsafdeling goedgekeur word.

Reëls rakende geskenke en reise aan lede van die Senaat en Huis van Verteenwoordigers

Dit is die beleid van Goodyear om in alle opsigte aan alle toepaslike wette en regulasies te voldoen, insluitend die vasstaande reëls van die Amerikaanse Senaat en die voorskrifte van die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers met betrekking tot die verbodsbepalings en beperkings op geskenke aan en reise deur lede van die Amerikaanse Senaat en die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers en hul personeel. As 'n organisasie wat federale stemwerwers in diens het, word Goodyear verbied om *enige* geskenk van enige waarde aan lede van die Kongres of kongrespersoneel te gee, tensy die geskenk vierkantig pas by een van die uitsonderings op die verbod op geskenke. In die Reëls beteken "geskenk" enige gratifikasie, guns, afslag, vermaak, gasvryheid, lening, toegeeflikheid of iets anders wat 'n geldwaarde het, en sluit in geskenke van dienste, opleiding, vervoer, verblyf en/of maaltye in, al is dit in natura (uit vriendelikheid) gegee, deur die koop van 'n kaartjie, vooruitbetaling of terugbetaling. Ingevolge Maatskappybeleid word dit van alle Maatskappymedewerkers verwag om aan die geskenk reëls te voldoen, of hulle stemwerwers is of nie. Vir meer inligting verwys na Goodyear se Beleid oor "[Geskenk- en reisreëls van die Senaat en Huis van Verteenwoordigers.](#)"

Nakoming

Geen oortreding van hierdie Beleid, die FCPA of enige ander wet teen omkoperie sal geduld word nie, selfs as iemand van geen misdaad ingevolge toepaslike wetgewing aangekla of skuldig bevind is nie, en selfs as die betaling in 'n sekere land gebruiklik is. Medewerkers wat hierdie Beleid oortree, sal aan tugstappe onderworpe wees tot en met beëindiging van diens en verbeuring van voordele. Derdepartye wat hierdie Beleid oortree, sal onderworpe wees aan onmiddellike beëindiging van hul sakeverhouding met Goodyear.

Aanmelding van oortredings

Alle medewerkers wat weet van oortredings van Goodyear se Beleid of dit vermoed, moet onmiddellik hul bestuurder of Goodyear se regsadviseur in kennis stel wat vir hul land/groep/streek/pos of BE verantwoordelik is, of die Integriteitsblitslyn by <http://www.goodyear.ethicspoint.com> skakel. Bestuurders wat berigte van vermeende oortredings van Goodyear se Beleid ontvang, moet die bewering spoedig by die hoofregsadviseur van The Goodyear Tire & Rubber Company aanmeld. Enige Derdepartye, insluitend maar nie beperk nie tot Agente, Verspreiders, Kontrakteurs en ander Derdepartye, wat bewus is van enige oortreding van Goodyear se Beleid of dit vermoed, moet hul kontakpersoon by Goodyear of die Integriteitsblitslyn onmiddellik in kennis stel. Goodyear verbied enige vorm van werklike of gepoogde vergelding teen enige persoon wat enige vermeende oortreding te goeder trou aanmeld. Alle aanmeldings van vergelding sal ondersoek word, en diegene wat aan weerwraak skuldig bevind word, sal aan tugstappe onderworpe wees, tot en met beëindiging van diens en verbeuring van voordele.